



## STAAT VAN BELYDENIS

### Homoseksualiteit en die huwelik

Die Skietlood is besig om die sake wat in die Staat van Belydenis (SB) genoem word, een vir een te toets om die teologiese onderbou van die SB te verduidelik en te bevestig. Die vierde saak wat in die SB genoem word, het betrekking op 'n nuwe etiese koers wat die NHKA skynbaar ingeslaan het.

Die etiek wat in die NHKA aangehang word, dui ook op die aanvaarding van die etiek van die huidige samelewing as dominant, met verbygaan van dit wat in die Skrif teruggevind word. Die sewende gebod, asook die hele Bybel (vgl Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus) verstaan die verhouding tussen een man en een vrou as binne die wil van God. Dit laat geen ruimte vir 'n intieme verhouding tussen twee persone van dieselfde geslag nie. Ten spyte van die 68e en die 69e AKV se besluite, is die kerkleiding se stilswye 'n goedkeuring van die bevordering van praktiserende homoseksualiteit wat deur die meerderheid van die Kuratorium en dosente goedgepraat en goedgekeur word. Daarmee saam stel die NHKA se eie amptelike facebookblad dat die AKV se besluit teen homoseksuele verhoudings 'n klad op die Christendom is. In vele publikasies deur dosente in die openbare media en akademiese tydskrifte blyk dit dat daar nie meer 'n waardering vir die huwelik as instelling van God is nie. Daarmee saam word dieselfde platforms gebruik om almal te oortuig dat homoseksualiteit nie 'n sondige begeerte of lewenswyse is nie.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die AKV 'n teologie aanhang wat nie erns maak met die Bybel as die Woord van God nie en derhalwe 'n etiek onderskryf wat aan die sosiale voorskrifte van politieke korrektheid dienstig is. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en hou vas aan die drie Formuliere van Eenheid wat in ooreenstemming met die Woord van God is. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer na die Bybelse leer soos dit uiteengesit word in die Heidelbergse Kategismus waar die Tien Gebooie behoorlik uitgelê word.

Dit is duidelik dat hier 'n etiese saak ter sprake is. Die SB dui dit ook so aan.

Die Skietlood moet twee sake hier in oënskou neem naamlik; die moontlikheid van etiese sake in 'n *status confessionis* opneem, asook die inhoudelike van die vierde saak.

Die eerste *casu confessionis* is in die 16e eeu deur Lutherane verklaar in 'n stryd waar sekere sigbare sake (byvoorbeeld klere van die priester en Lent) nader aan Roomse praktyke subtiel op die Lutherane afgedwing is. Die Lutherane was oortuig dat dit die Evangelie sou verloën indien hulle toegee. Dit is nie altyd maklik om in die historiese konteks te bepaal watter leersake spesifiek betwis is nie. Een saak staan vas en dit is dat meer as net leersake ter sprake was. Die term *casu confessionis* het na dié episode in onbruik geraak en is weer in die laat 19e eeu en vroeg 20e eeu opgeneem. Die bekende Duitse teoloog Bonhoeffer verwys byvoorbeeld in die 1930's na sekere sake in Nazi Duitsland wat die uitroep van 'n *status confessionis* (nuwe term) regverdig.

Die uitroep van die *status confessionis* deur die WARC by die Ottawa 1982 vergadering staan uit as 'n besluit wat 'n politieke beleid (politieke saak op die periferie van etiek) uitwys as bedreiging vir die suiwerheid en voortgang van die Evangelie. Die NHKA se AKV in 1983 het hierdie *status confessionis* verwerp op die volgende grond; die WARC het van 'n lewenskwestie 'n leersaak gemaak. Die NHKA se teoloë het redeneer dat 'n politieke beleid 'n lewenskwestie is en dat net sake wat

die leer aanraak (hart van die Evangelie) 'n *status confessionis* kan regverdig. Die indruk onder Hervormers was dat die WARC die NHKA tot kettters verklaar het sonder enige teologiese gronde.

Aan die een kant moet die NHKA dit gelyk gegee word. 'n Politieke beleid is 'n perifere saak en kan nooit die hart van die Evangelie bedreig nie. Die feit van die saak is dat die bevrydings-teologie juis die horisontale van sosiale geregtigheid die hart van die Evangelie gemaak het. Dit het tot gevolg gehad dat die twee partye verby mekaar gepraat het. Wat ookal die argument, geen politieke beleid word in enige van die kerk se belydenisskrifte verwoord nie. Die Belhar-belydenis poog nou om dit te doen.

Aan die ander kant het die NHKA se benadering die indruk gelaat dat geen etiese saak 'n *status confessionis* kan regverdig nie. Daar is genoeg bewyse tot die teendeel. Die belangrikste argument ten gunste van die moontlikheid van 'n etiese saak noem in 'n *status confessionis*, is die feit dat enige *status confessionis* hom beroep op die Bybel en die belydenisskrifte (soos ook gedoen in die deel wat hierbo aangehaal is). Die Tien Gebooe is integraal deel van die drie Formuliere van Eenheid (Dit word uitvoerig bespreek in die Heildelbergse Kategismus) en word met ander woorde as van besondere belang verstaan. Enige verwerping van die gebooe dreig om die Evangelie te ondergrawe. Anders gestel, etiese sake kan ook aangeraak word in die uitroep van 'n *status confessionis*.

Die besluit te Meyerspark in 2012 om die etiese debat deel te maak van die *status*

*confessionis* was geregverdig as beginselsaak en relevant tot die verwickelinge binne die NHKA. Die keuse om te praat van 'n Staat van Belydenis eerder as 'n *status confessionis*, was 'n bewuste een. Die konteks waarbinne die SB uitgeroep is, is in die RSA, in die NHKA, wat 'n Afrikaanse kerk is. Daarmee saam het die WARC klaar 'n *status confessionis* uitgeroep wat op daardie stadium nog nie deur die WCRC opgehef is nie. Dit was ook belangrik om die twee dokumente van mekaar te onderskei.

'n *Casu Confessionis* wat in die VSA opgestel is (en wat terloops 12 sake aanhaal) maak die punt dat die regverdiging van homoseksualiteit op twee vlakke aangespreek moet word. Die eerste is om 'n saak wat verkeerd beredeneer word aan die kaak te stel (deur uit die Bybel duidelik aan te dui dat homoseksualiteit sonde is) en dan is die tweede stap om persone wat ten gunste van die afwykende standpunt redeneer, te berispe.

Die vertrekpunt moet wees dat die Bybel die Woord van God is en dat die Heilige Gees as bepalende outeur God se wil aan ons bekend maak. Dit is so dat sake bemoelik word deur die ouderdom van die Bybel. Sekere sake en taalpatrone is uniek tot die moderne era. Dit moet altyd onthou word dat gebruike en taalpatrone verander, maar beginsels nie. Daar moet met ander woorde vanuit beginsels redeneer word. Dan is dit duidelik dat die Bybel die verhouding tussen een man en een vrou aandui as God se wil.

So byvoorbeeld is die argument dat die woord 'homoseksualiteit' eers in die 19e eeu (1869 eerste keer gebruik) in

gebruik geneem is en dat die Bybel daarom nie iets sê oor die saak nie, 'n dwaal-argument. Net omdat die woord "homoseksueel" nie in die Bybel se grondtekste staan nie, beteken nie dat die beginsels verwoord in die Bybel irrelevant is nie. Die woord is eers later in gebruik geneem. Die konsep, die lewenstyl, was lank reeds bekend. In tekste soos Romeine 1 word die sonde duidelik aangespreek. Die Griekse taalgebruik dui dieselfde optrede aan, al is dit in ander terminologie en daarom is die vertaling na 'homoseksueel' 'n geldige een. Die feit dat die saak nie in elke boek of hoofstuk van die Bybel aangespreek word nie, kan nie gebruik word om te stel dat dit 'n onbenulligheid is nie.

Die Ou Testament is integraal deel van die Bybel, intendeel die Nuwe Testament is onder andere die vervulling van die Ou Testament verwagtinge. Dieselfde God is in beide Testamente aan die Woord. Etiese sake gaan nie skielik anders beoordeel word nie. God gaan nie mense verwar deur van plan te verander oor 'n saak soos homoseksualiteit nie. Dit wat in die Ou Testament gesê word oor die saak, word in die Nuwe Testament bevestig.

Die revisioniste en pro-homoseksuele leefstyl persone probeer om die terme in die Bybel te relativeer. Dit is veral die Ou Testament tekste wat gerelativeer word deur na 'n groter konteks te verwys. Met groot fanfare word sekere belaglike vrae gestel na aanleiding van tekste soos Levitikus 20:14, Levitikus 18:22 en Deuteronomium 23:17-18. "Moet ons gays en egbrekers dan stenig?" "Moet ons dan nie meer vark en garnale eet nie?"

Dit is opvallend dat hierdie argumente aangehaal word deur sogenaamde bybelwetenskaplikes. Hulle behoort van beter te weet. Net om sogenaamde leke se vermoedens te bevestig, die volgende; die volk Israel was 'n gemeenskap wat deur God self in die lewe geroep is. Elke aspek van hulle bestaan was omskryf. Daar was onder andere etiese wette, reinheidswette, seremoniële wette. Hulle was 'n integrale gemeenskap waarin daar nie werklik onderskeid getref is tussen hierdie wette nie, 'n saak wat in die hand van byvoorbeeld die Fariseërs gespeel het. Ons weet Jesus het die volmaakte offer gebring en daarom was die kultiese en seremoniële wette volbring. Die etiese wette het geldig gebly, soos blyk uit tekste in Matteus 5 en die etiese voorskrifte wat herhaal word in ander Nuwe Testament gedeeltes. Die gedeeltes in die Ou Testament wat so weggepraat word, sluit in voorskrifte oor bloedskanie en bestialiteit. Moet die gedeeltes dan nie ook weggepraat word nie? Die verhaal van Sodom het die wellus van sondaars in die oog, punt. Die Ou Testament ken net een Godgegewe verhouding, die tussen een man en een vrou wat in aanvullende skeppingsverhouding saam lewe. Nie eens poligamie word goedgepraat nie. Binne die aanvullende verhouding word man en vrou so aangevul dat hulle na die beeld van die Een God verstaan kan word. Seksualiteit word verstaan as middel tot eenwording en voortplanting. Seksualiteit is nie 'n grootheid op sigself nie, kan nie verstaan word as 'n rekreasionele aktiwiteit wat los van die band tussen een man en een vrou

bedryf mag word nie. Dit is 'n huweliksgeskenk.

Die Nuwe Testament se Romeine 1-tekse word gerelativeer deur te beweer dat die tekse net losbandigheid in die oog het en nie toegewyde verbintenisse nie. 'n Ander groep poog om te bewys dat die tekse net pederastie (omgang met kinders) in die oog het. Beide pogings is nie geldig nie, die tekse dra gewoon nie die voorgestelde interpretasies nie. Die Romeine tekse het dit duidelik teen die teen-natuurlike optrede. Homoseksualiteit by mans en vroue word onomwonde verwerp. Inteendeel, al die nuwe Testament tekste beskryf homoseksualiteit as sonde.

Die sones van LIEFDE word wyd gebruik om te regverdig dit wat twee toestemmende volwassenes in privaatheid doen. Die dwaasheid van die benadering kan nie onderblyf word nie. Die ruimte van die liefde is die skeppingsruimte. God het ons in liefde geskep as verhoudingswesens (Genesis 2). Om buite hierdie skeppingsorde te beweeg, is om buite die ruimte van die liefde te beweeg. Dit was juis selfliefde wat tot die sondeval gelei het, met ander woorde 'n mensgeskape "liefde" wat nie binne God se doel met die skepping is nie. Ons kan dit dalk liefde noem, maar ware liefde kan net in God se Lig verstaan word.

Daar is boeke oor die onderwerp geskryf en Die Skietlood kan onmoontlik al die argumente en fyner nuanses herhaal. Dit is duidelik dat 'n gehoorsaamheid aan die Bybel dit moontlik maak om teen die gees van die tyd in, homoseksualiteit 'n sonde te noem. Die deernis met die sonde word nie hier bespreek nie, net die sonde wat met

krampagtige waansin regverdig probeer word. Getroue, suiwer eksegese maak dit duidelik dat 'n kerk wat homoseksualiteit aanvaar as 'n alternatiewe leefstyl, weg beweeg van die openbaring van God. Die deernis wat die kerk met alle sondears moet hê, is 'n afsonderlike debat.

Die NHKA het inderdaad nie op hierdie stadium amptelik die besluit geneem nie en het derhalwe nog nie (in die openbaar) in daardie strik getrap nie. Die onweerswolke is egter dik op die horison. In 2007 het 80% van ampsdraers by die AKV teen die saak gestem. In 2010 was hierdie meerderheid net bo die 50% (eintlik moes dit in beide gevalle 100% teen die saak gewees het). So onlangs as 2015 is buitelanders (Bondsprekante) genooi om teen die saak te praat by 'n NHKA byeenkoms. Die rede vir die uitnodiging was dat daar min predikante in die NHKA is wat bereid is om in die openbaar op 'n platform teen die saak te praat; terwyl hulle amper tou staan om ten gunste van homoseksualiteit te praat. Die dosente van die NHKA is ook openlik ten gunste van homoseksualiteit 'teologies normaliseer'. Hulle lei toekomstige predikante op en het ook groot invloed in die NHKA. Pleks van hulle repudieer, word hulle steeds ondersteun en beskerm.

Die Skietlood wil daarom beweer dat die SB deels voortydig was. Die NHKA het nog nie op daardie stadium homoseksualiteit 'ontsondig' nie. Tog lyk dit asof die SB profeties korrek gaan wees. Die SB is reeds korrek bewys in die opsig dat die NHKA die kanker van valse teologiese denke oor hierdie saak beskerm.